# VYF SAHARA WOESTYN KORTVERHALE



Pieter Haasbroek

# VYF SAHARA WOESTYN KORTVERHALE

*deur*

**PIETER HAASBROEK**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2022

# Vyf Sahara Woestyn Kortverhale

Voorbladskets is geskep vanaf ’n gratis internet foto oor die Sahara woestyn.
Hierdie eboek is die eerste uitgawe.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

VYF SAHARA WOESTYN KORTVERHALE
deur Pieter Haasbroek

ISBN 978-1-928498-58-2

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2022)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# 1. VYF SAHARA WOESTYN KORTVERHALE

## SANDSTORM IN DIE SAHARA WOESTYN

Dit is die jaar 1905 en elf kamele loop netjies in gelid, al agter mekaar aan oor die wyduitgestrekte Sahara woestyn. Op die voorste kameel se rug sit Dirk Lubbe luilekker en dagdroom. Dit is die laaste keer wat hy as gids gaan optree vir toeriste wat die Sahara graag beter wil leer ken. Hy het die afgelope tien jaar al ŉ aardige bedraggie geld bymekaar gemaak deur as gids op te tree vir toeriste. Hy beskou homself tereg as die beste gids in die ganse wêreld om mense te leer van die Sahara en daar is seker niks wat hy nie weet van die insekte, diere, die woestyn self en die geskiedenis daarvan nie.

Dit alles kom egter teen ŉ prys en daarom vra hy dubbeld soveel as wat sy naaste kompetisie vra vir dieselfde werk. Ten spyte daarvan bly sy dagboek vol bespreek want sy naam is alombekend en sy kliënte weet dat hulle waarde kry vir elke sent wat hulle betaal. Hy het vir nou eers genoeg gehad van die gevare en die vreeslike hitte van die woestyn. Na hierdie laaste tog gaan hy sy geld vat en êrens vir homself in Switserland ŉ plekkie koop, daar waar dit ten minste heelwat koeler is as hier.

Dan skrik hy skielik wakker uit sy dagdrome want ŉ rukwindjie het sy hoed byna van sy kop af gewaai. Hy kyk om hom rond en merk hier en daar ’n dwarrelwind wat los sandjies effens opwaai en dan weer gaan lê. Een van die dwarrels vang sy warm gesig vir ’n kort oomblik

en koel dit effens af. Sedert hy opgestaan het vanoggend het hy gesien dat die lug anders lyk as gewoonweg. Die son is nie heeltemal ’n helder, kokende, bal vuur nie en die lugdruk is meer as gewoonlik. Die kamele kom ook onrustig voor en dit is asof die hele woestyn wag op iets groots wat moet gebeur.

Dirk draai hom om in sy saal en kyk na agter, daar waar sy tien kliënte op hulle kamele aankom. Daar is vyf vroue en vyf mans en hulle lyk nog betreklik vars die tyd van die oggend, want nou is dit nog redelik koel. Binnekort gaan die son egter in al sy felheid brand oor die woestyn en die kwik kan dan vinnig klim na vyftig grade Celsius en selfs meer. Tesame met die uiters droë lug suig dit as’t ware die vog uit ŉ mens se liggaam en moet jy dus kort-kort water drink om te voorkom dat jy vinnig dehidreer. Die versengende hitte en uiters droë lug sal dit laat voel soos ŉ oond waarin hulle beweeg, maar op hulle derde dag in die woestyn, weet die toeriste al wat hulle binnekort te wagte kan wees.

Uit ervaring weet Dirk dat ’n mens in hierdie woestyn hoogstens een dag sonder water kan oorleef en twee dae as jy baie gelukkig is. Weens die min plantegroei en droë lug, koel die nag weer baie vinnig af en die temperature kan dan baie naby aan nul grade draai. Sterk winde kan die sandduine wat jy vandag waarneem, in ŉ oogwenk verander sodat jy die volgende dag uitkyk oor ŉ amper heel nuwe woestyn. Dit is juis een van die Sahara se eienskappe wat dit so gevaarlike maak vir onervare reisigers. Baie het al verdwaal en gesterf nadat

hulle hulle net verlaat het op die onmiddellike omgewing. Jy moet die son, maan en sterre ook gebruik as hulpmiddels en daarmee saam jarelange ondervinding met ŉ soort van sesde sintuig om te weet in watter rigting jy moet beweeg. Daaglikse water is hier krities vir mens en dier se oorlewing en as jy ŉ oase misloop, kan dit jou einde beteken. Die Sahara in al sy prag is dus ook vol gevare en is dit net die slimste, sterkste en dapperste wat hier kan oorleef.

Dirk maak altyd vooraf seker dat hy presies weet wie sy kliënte is en wat hulle dryf na die woestyn, want dit kan allerhande probleme voorkom of later vergemaklik. Daar is die manstudent, Stefan Bruwer, wat net kom om foto's van die skouspelagtig mooie sonsopkomste en sonsondergange te kom afneem. Dan is daar Dorothy Snyman, ŉ ouerige dame, wat onlangs geskei is van ŉ skatryk miljoenêr en besluit het sy moet nou eers tot verhaal kom deur vir ŉ tydjie weg te kom van almal en alles wat al die jare intiem deel was van haar lewe. Dan is daar ook Peet Schutte, ŉ frisgeboude liggaamsbouer, wat gereeld aan kompetisies deelneem. Hy reken hy is sterk en mans genoeg om nou ook die woestyn te kom aandurf. Hy sien vir alles kans in die lewe en wil sy uitkyk so bietjie kom verbreed.

So kyk Dirk na die res van sy toerlede en herroep die kennis wat hy het van elkeen in sy gedagtes. In hierdie gevaarlike woestyn moet jy presies weet waar jy staan met elkeen en wat hulle sterk en swak punte is. Dit mag dalk net later die verskil tussen lewe en dood beteken.

ʼn Sterk rukwind pluk skielik aan Dirk se klere en hy sukkel vir ʼn oomblik om sand uit sy een oog te kry. Hy kom agter dat hy die laaste klompie minute al hoe moeiliker begin asemhaal. Sy klere is amper alles natgesweet ten spyte van die wind wat nou geleidelik al sterker en sterker begin waai. Hy voel effens lighoofdig en die volgende oomblik voel dit weer of sy kop kan oopbars van die drukking in die lug. Dirk hou sy kameel in en kyk nou deegliker om hom rond. Wat besig is om te gebeur, tref hom soos weerlig. Hoe kon hy dit nie gouer besef het nie? Hy moes nie so gesit en dagdroom het nie, verwyt hy homself, want hulle het dalk nou al te veel tyd verloor en dit kan hulle duur te staan kom. Hy spring soos blits uit sy kameel se saal en land ewe netjies op sy voete langs sy kameel. Hy steek sy hand in die lug op en roep hard uit.
"Stop dadelik julle kamele en kom onmiddellik hier na my toe!"
Die krag en die erns van sy woorde laat almal maak soos hy sê. Stefan, die student, skrik so groot want hy het self gesit en dagdroom, dat toe hy probeer afklim van sy kameel, haak sy een voet vas aan die saal en hy tuimel behoorlik van sy kameel se rug af. Hy val hom kop eerste byna katswink op die sand. Hy staan dronk op en kom dan kruppel-kruppel aangedraf terwyl hy sy kop vryf. Die groepie van tien mense staan nou bekommerd en met groot oë voor Dirk. Hulle kan aanvoel dat dinge glad nie pluis is nie.
"Mense," begin Dirk dadelik, "ons lewens is in groot

gevaar. Om die waarheid te sê, in lewensgevaar, en ons kanse op oorlewing is baie skraal.”
“Waarvan praat jy nou, meneer Lubbe,” vra Dorothy met skok in haar oë duidelik sigbaar. “Hier is dan niks en niemand naby ons nie en ek sien ook niks wat gevaar vir ons inhou nie. Die sterk wind wat opgesteek het, is nou wel lastig, maar seer sekerlik is dit nie skadelik vir ons nie?”
Dirk weet dat die tyd min is en daarom gaan hy nie enige doekies omdraai nie.
“Hier is ŉ groot sandstorm op pad. Ons het miskien ŉ halfuur voor dit ons tref, hoogstens een uur. Geen mens kan dit oorleef as dit ’n sterk sandstorm is en jou in die oopte tref soos hier nie. Die sterk winde wat gepaardgaan met sulke storms dryf klein klippies en sand horisontaal met die grond en weens die spoed daarvan, vreet dit letterlik die klere van jou lyf af. Daar waar jy geen beskerming het nie, word jou vel letterlik laag vir laag afgeskuur. Asof dit nie reeds genoeg is nie, dring die fyn stof en sand jou longe binne en versmoor jou so. Die droë, warm lug forseer vog teen ’n hoë tempo uit jou liggaam en as jy eers gedehidreer het, kan die dors jou waansinnig maak. Sulke sandstorms duur gewoonlik enkele ure, maar kan ook vir ’n paar dae voortduur en hoe langer dit duur, hoe skraler raak jou kans op oorlewing.”
Dit is asof die woestyn sy woorde hoor, want die volgende oomblik tref ’n sterk windvlaag hulle en waai hulle byna onderstebo.

“'n Sandstorm in die Sahara is die mees gevreesde en gevaarlike natuurverskynsel en moet geensins lig opgeneem word nie,” gaan Dirk vinnig voort. “Ek was elf jaar gelede in een van die Sahara se sandstorms vasgevang in die middel van die woestyn en met geen beskutting naby nie. Ek was een van vyf uit twintig mense wat die sandstorm oorleef het. Die betrokke storm het vier dae lank aangehou en ons kos en water het eenvoudig opgeraak.”

Nog ’n skielike rukwind waai stof en sand in hulle oë en dit is asof hulle nou ook deeglik bewus raak van die lugdrukverandering en naderende onheil wat op pad is.

“Ons tyd is min mense,” sê Dirk. “Luister nou baie mooi na my. Julle gaan nou alles wat ek vir julle sê uitvoer tot op die letter en daar mag nie eens die geringste foutjie gemaak word nie, want dit sal ons almal se lewens kos. Ek hoop dit is baie duidelik vir almal!”

Verslae en geskok knik almal net hulle koppe. Nie een van hulle, nie eens Dirk self nie, het verwag dat die ongeluk hulle juis nou moet tref ver weg van die naaste oase af sonder enige beskerming. Hier is hulle oop en bloot vasgevang in die woestyn en oorgelaat aan die genade van die natuur.

“Peet,” sê Dirk, “gaan haal jy gou vir my die penne en die seiltjies wat in my pakdier se agterste twee sakke is. Ek het spesiale seiltjies laat maak wat dig en sterk is en die skuur effek van die wind en sand kan weerstaan, vir lank genoeg, hoop ek. Ek bring altyd die penne en seiltjies saam op my toere, net ingeval ’n sandstorm ons

tref, want miskien, net miskien, mag dit vandag ons lewens red. Dit is ŉ wenk wat ’n ou sjeik van die Doelaks my geleer het na my laaste noue ontkoming in die woestyn se sandstorm. Toe het ons dit nie gehad nie en het dus feitlik niks gehad om ons te kon beskerm teen die sandstorm nie.”

Terwyl Peet gou die penne gaan haal, vra Dorothy: “Mnr. Lubbe, wat gaan word van die kamele, hulle het dan geen beskutting nie?”

“Mev. Snyman, kamele is uitstekend aangepas vir die woestyn. Hulle dik hare beskerm hulle teen die hitte en koue van die woestyn. Hulle het verder ook dik ooglede en lang ooghare wat beskerming bied teen ŉ sandstorm se waaiende sand. Laastens, hulle kan hulle langwerpige neusgate na willekeur sluit om so sand en stof uit te hou as dit te erg raak. Ek dink dus nie ons hoef ons oor hulle te bekommer nie, hulle sal vir hulle self sorg.”

Toe Peet die seiltjies en penne voor Dirk neersit, gelas hy hulle om die kamele in ŉ halwe boog, teenaan mekaar te laat lê, met die boog se middel wat na die noorde wys, want dit is die rigting vanwaar die sandstorm gaan kom. Die lang penne word daarna by elke kameel se kopkant in die grond begrawe en elke kameel word met hul halterrieme daaraan vasgemaak.

“Dit is om te verhoed dat een of meer van die kamele tydens die storm besluit om op te staan en vir ŉ wandeling te gaan,” merk Dirk skertsend op. “Daar is natuurlik altyd die kans dat die penne gaan oopwaai en dan niks beteken nie, maar as die kamele bly lê, sal sand